

# Gebedsfokus

## Desember 2024

*"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon.
Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid
wat Hy as enigste Seun van die
Vader het, vol genade en waarheid."
(Johannes 1:14 Afr83)*

**Maandag 2 Desember:** Baie FEBA-luisteraars ly aan kroniese siektes wat hulle bed- en huisgebonde hou, met slegs media as geselskap. Dié in armer gebiede het ook nie toegang tot behoorlike gesondheidsdienste nie. Bid dat God hulle op hul siekbeddens sal bystaan en dat FEBA se uitsendings hulle sal versterk wanneer hulle moed verloor.

**Dinsdag 3 Desember:** "Ek glo steeds dat ek genees sal word, want ek hoor altyd op Radio Heartline Lampung se uitsending dat die Here Jesus die Geneesheer bo alle geneeshere is. Dit laat my ten minste snags vreedsaam slaap. Jesus het dit vir my gedoen." (FEBA Indonesië-luisteraar)

**Woensdag 4 Desember:** "Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam. Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig." (Psalm 23:1-4 Afr83)

**Donderdag 5 Desember:** Wanneer luisteraars na FEBA-spanne uitreik in reaksie op programme, is FEBA se opvolgwerkers die hande wat terugreik. Hulle kweek verhoudings, bid saam met luisteraars, besoek die siekes en eensames, en plaas nuwe gelowiges in kontak met plaaslike gemeentes. Bid dat God FEBA se opvolgwerkers sal seën en mense se harte sal aanraak deur hulle bediening.

**Vrydag 6 Desember:** Prys God vir drie nuwe radiostasies in Mongolië! Die kerk in Mongolië het in die afgelope 30 jaar met rasse skrede gegroei. Vandag deel FEBA Mongolië die Goeie Nuus met luisteraars reg oor die land, van dié in stedelike gebiede tot nomadiese veewagters op die steppe. Bid dat God die nuwe stasies met oorvloedige vrug sal seën.

**Woensdag 25 Desember:** "Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid." (Johannes 1:14 Afr83)

**Donderdag 26 Desember:** FEBA Oekraïne se beraders en opvolgwerkers hoor daagliks hartverskeurende stories en staar moeilike vrae in die gesig. Dit laat hulle gewoonlik uitgeput, veral omrede daar geen einde in sig is nie. Bid dat God hulle genoegsame krag vir elke dag sal gee en hulle sal toelaat om die uitwerking van Sy genade in die donkerste tye te sien.

**Vrydag 27 Desember:** Oekraïne se infrastruktuur is deur die oorlog verwoes, wat dele van die land weerloos gelaat het gedurende die winter. Bid vir God se voorsiening dwarsdeur die koue seisoen en bid dat Hy elke FEBA-spanlid en -luisteraar se vrees met Sy onwrikbare vrede sal vervang. Bid dat die oorlog tot 'n einde sal kom.

**Saterdag & Sondag 28-29 Desember:** Soos ons die nuwe jaar hierdie week betree, bid ons dat God herlewing in Sy kerk sal bring in die lande waar FEBA uitsaai. Meer as 'n derde van die wêreldbevolking moet God se Woord nog hoor en baie soek Hom op die verkeerde plekke. FEBA se uitsendings bereik luisteraars in hul motors, kamers en selfs by die haarkapper! Bid dat God die nodige hulpbronne sal voorsien en elke FEBA-uitsending in die komende jaar sal gebruik om die oes in te bring.

**Maandag 30 Desember:** Prys God vir die wonderlike dinge wat Hy vanjaar deur FEBA se bediening vermag het! Verhoudings is herstel, siektes is genees en baie het die kosbare geskenk van die evangelie ontvang. Bid vir God se voortdurende seën volgende jaar, soos wat FEBA sy opdrag uitvoer om Christus na die onbereikte wêreld te neem deur media, totdat almal gehoor het.

**Dinsdag 31 Desember:** "Ek was voorheen 'n groot drinker wat my gesin verontagsaam het. Ek het egter baie veranderinge opgemerk sedert ek God deur my pastoor en Krusa FM in my lewe aanvaar het. Ek het ophou drink en onderneem om volgens die Woord te leef, om God en my gesin lief te hê. Ek is vry van my ou lewe se pyn en lyding, want God het my genees." (FEBA Kambodja-luisteraar)

FEBA
SUID-AFRIKA

**Saterdag & Sondag 7-8 Desember:** Die mense in China honger na hoop. Stygende werkloosheid en ekonomiese swaarkry dryf baie om hulp by Boeddhistiese gode te soek. Hierdie wanhoop eis ook sy tol in gesinne en egskeidings raak meer algemeen. FEBA China het 'n gesinsbediening begin om hierdie behoefte aan te spreek, met programme wat ouers leer hoe om daagliks Christelike oordenkings saam met hul kinders te doen, en pod-sendings wat egpare leer om 'n huwelik met Christus as middelpunt te kweek. Bid dat FEBA China se gesinsbediening genesing vir gesinne reg oor die land sal bring.

**Maandag 9 Desember:** Het jy geweet, sommige organisasies gebruik ballonne om radio's in Noord-Korea in te stuur sodat mense die Goeie Nuus kan hoor? Noord-Koreaanse gelowiges word al vir dekades lank vervolg en vrees hou baie harte gesluit teen die Waarheid. Bid dat God FEBA se luisteraars in Noord-Korea sal vertroos en vernuwing in die land sal bring.

**Dinsdag 10 Desember:** "Wanneer ons bymekaar kom om na julle uitsendings te luister, word ons bemoedig en met hoop gevul. Terselfdertyd is ons egter hartseer omdat baie van ons gevaar in die gesig staar weens ons geloof en omdat dit talle mense van redding weerhou." (FEBA Jemen-luisteraar)

**Woensdag 11 Desember:** "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered. Die Skrif sê tog: 'Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie.'" (Romeine 10:9-11 Afr83)

**Donderdag 12 Desember:** FEBA Japan werk hard om hul span en bediening uit te brei. Meeste mense in Japan het nog nooit die evangelie gehoor nie en het 'n wanindruk van Christendom. Bid dat God FEBA Japan se werk sal seën en elke uitsending met Sy krag sal vul sodat die Goeie Nuus deur die land kan versprei, totdat almal gehoor het.

**Vrydag 13 Desember:** Daar is 'n groot verlange na verlossing in Taiwan, maar mense soek dit by vals gode. FEBA Taiwan se Manna in die Wildernis-program saai uit in 'n paar plaaslike tale om soveel as moontlik luisteraars na Christus te lei. Bid dat dié wat na FEBA Taiwan se program luister, die ware Bron van verlossing sal ontdek.

**Saterdag & Sondag 14-15 Desember:** Prys God vir die geleentheid dat FEBA vanjaar in Niger kon begin uitsaai. Dank Hom dat Hy al die FEBA Afrika-stasies bewaar en 'n deur na Soedan oopgemaak het. Elke stasie het sy eie uitdagings. Bid dat God elke FEBA-direkteur in Afrika sal toerus met wysheid om sy span in hul bediening te lei. Bid ook dat diegene wat vir FEBA werk, gesond sal bly en dat elke uitsending die Goeie Nuus van Sy liefde sal uitdra na hulle wat dit moet hoor.

**Maandag 16 Desember:** Terwyl Suid-Afrikaners vandag Versoeningsdag vier, bid ons vir al die FEBA-personeel en -luisteraars wat met konflik te kampe het in hul alledaagse lewe, of dit nou fisiese geweld of moeilike gesinsverhoudings is. Bid dat God hulle met vrede sal seën en dat hulle Sy liefde deur FEBA se uitsendings sal leer ken.

**Dinsdag 17 Desember:** "Ek het Jesus as my persoonlike Verlosser aanvaar te danke aan julle lering in die Hmong-taal oor God se liefde. Ek wil hê julle moet vir my bid om God in my area te dien." (FEBA-luisteraar in Suidoos-Asië)

**Woensdag 18 Desember:** "[Want] so groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir dié wat Hom dien. So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af. Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien." (Psalm 103:11-13 Afr83)

**Donderdag 19 Desember:** Die dorpies in die berge van Laos, Thailand en Viëtnam is relatief ontoeganklik, maar almal het toegang tot FEBA se aanlynuitsendings, wat die Goeie Nuus in hul eie tale deel. Bid dat God FEBA sal gebruik om luisteraars in daardie dorpies aan te raak en hulle van animisme se kettings te bevry.

**Vrydag 20 Desember:** Prys God vir die sukses van FEBA Filippyne se uitreike en veldtogte dié jaar. Dank Hom vir Sy beskerming van die radiostasies tydens 'n verwoestende tifoonseisoen. Bid vir Sy voortdurende seën op die FEBA Filippyne-span en leierskap, en dat hulle passievol en getrou aan Sy Woord sal bly.

**Saterdag & Sondag 21-22 Desember:** Terwyl ons hierdie week Kersfees vier, kom ons bid vir luisteraars reg oor die wêreld om die ware betekenis van God se liefde en Christus se opoffering te ontdek. Bid vir FEBA-spanne wat elke dag die Goeie Nuus deel ten spyte van vervolging, konflik, vrees en smart. Bid dat God hul harte met vreugde sal vul, en dat Hy vir hulle Sy vrede sal gee wat alle verstand te bowe gaan, sodat hulle die Lig in die duisternis kan laat skyn en verdwaalde siele na sy veiligheid kan bring.

**Maandag 23 Desember:** Bid vir FEBA Rusland en FEBA Oekraïne se leiers. Elke direkteur moet sy span deur bedrieglike waters lei te midde van oorlog en interne politieke spanning. Bid vir God se wysheid en Gees om die direkteure van FEBA Oekraïne en Rusland te vul, sodat hulle hul spanne volgens Sy wil kan lei.

**Dinsdag 24 Desember:** "Ons staan hier as brose kruike, toevertrou met die mees diepgaande boodskap: God het ons gemaak en het ons lief. Hy weet waardeur ons gaan. Hy het ons sondes vergewe en Jesus vir ons gegee. Kom na Hom toe, almal wat vermoeid en belas is. Kom na Jesus toe." (Eduard, FEBA Oekraïne-direkteur)